

Judas se verraad en Jesus se liefde

Johannes 13:21-30



Detail Da Vinci's The Last Supper by Giacomo Raffaelli.

<https://images.theconversation.com/files/116193/original/image-20160323-28182-niz4yr.jpg?ixlib=rb-1.1.0&q=45&auto=format&w=926&fit=clip>

Die teks vir die eerste Sondag van Lydenstyd vertel van Judas se verraad ... maar ook die verraad wat daar in ons elkeen se hart skuilgaan. En dit vertel van Jesus Christus se liefde en trou.

I

Dit is 'n spanningsvolle verhaal, intens. Die laaste Avondmaal word gevier; Jesus en die twaalf is vir oulaas saam in die bovertrek – intiem en teenaan mekaar sit-lê hulle om die lae tafel. Jesus het vroeër die aand hulle elkeen se voete gewas – 'n diep simboliese gebaar. Ook die teëstribbelende Petrus se voete is gewas, ja ook Judas se vuil voete. Jesus het met hulle oor liefde gepraat. Die skrywer Johannes beklemtoon dit: “Jesus het sy eie mense in die wêreld liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad” (vers 1).

II

Dan kom daar skielik 'n dramatiese wending in hierdie gemoedelike saamwees. Johannes skryf: Jesus het hewig ontsteld geraak. Emosioneel, maar met 'n beslistheid kondig Jesus aan: “Dit verseker ek julle: Een van julle sal My verraa!” Soos 'n bom los Jesus dit tussen hulle, dié skokkende uitspraak.

Die dissipels was verslae. Verskrik kyk hulle na mekaar. Elkeen dink by homself: watter een van die ander kan dit tog wees? Niemand sou kon vermoed dat daar verraad

in sy eie hart skuil nie; dit moet een van die ander wees! Selfs Judas het dit wat hy moes doen nie as verraad gesien nie; as seloot (vryheidsvergter) was dit wat hy beplan het volgens hom 'n patriotiese daad, ter wille van die Joodse volk, terwille van die verlossing uit die kloue van die gehate Romeine. Judas wou Jesus help om bevryder te word, die soort bevryder waarvan die Selote gedroom het. Elkeen van hulle het dus oor moontlike verraad in die ander se harte gewonder, nie in hul eie harte nie.

Maar vir Jesus was dit 'n geweldige oomblik, dalk die swaarste op sy hele lydensweg. Om te dink dat een van hulle hier, een van die 12 waarvoor Hy so ontsettend lief is, wie se voete Hy pas gewas het, hom gaan verraai nee, om die waarheid te sê, elkeen van hulle gaan hom verloën, verlaat, die rug op Hom draai. Dit was die moment van sy diepste pyn: die verraad van hulle vir wie Hy so lief was, die mense wat sy groot liefde vir hulle verwerp, dit onbeantwoord laat – die verskriklikste laagtepunt van boosheid in die mensdom. Dáárom was Jesus so hewig ontsteld. Want Jesus het gewéét; Hy kon dwarsdeur hulle harte sien, Hy het gewéét dat die uur gekom het, die finale geveg tussen God se liefde en boosheid in menseharte.

III

Die dissipels het bly wonder wie dit was wat Hom sou verraai. Petrus laat vra deur Johannes, wat teenaan Jesus se bors geleun het. Johannes fluister-vra dan vir Jesus: “Here, wie is dit dan”. Tot breekpunt toe die spanning. En dan antwoord Jesus saggies: “Johannes, die een wat ek met die intieme gebaar van liefde en aanvaarding, met 'n opregte gebaar van gasvryheid sal bedien, dis hy wat my gaan verraai.” Soos Judas Jesus met die verraderlike liefdesdaad van 'n kus sou uitwys, wys Jesus hom hier ook met 'n liefdesgebaar aan – hy breek vir oulaas vir Judas 'n stuk brood, doop dit vir hom in die sous, gee dit vir hom aan. Maar die verskil met Judas se kus is dat Jesus nie hier vir Judas verraai nie, nee Hy bewys nog 'n laaste keer sy liefde aan Judas – Hy deel die gebreekte brood met Judas, simbool van sy gebreekte liggaam ... dis vir jou Judas, dis myself wat ek in liefde vir jou aanbied.

Dan vat die Bose oor in Judas se hart, staan hier. Nadat hy wel die brood uit Jesus se hand geneem het, verwerp hy Jesus se liefde in sy hart. Sy hart het hard geword. Judas sou voortgaan met dit wat hy hom voorgeneem het. Hy het onmiddellik buitentoe gegaan, skryf Johannes. En dan eindig die verhaal onheilspellend met die woorde: “En dit was nag”.

IV

Die ander dissipels het eintlik nie besef hoe 'n intense drama pas hier voor hulle oë afgespeel het nie. Dat een van hulle Jesus sou kon verraai, was ondenkbaar. Hulle het selfs nie die respektable Judas verdink nie – hy was immers die een wat hulle met die beursie vertrou het. Watter boosheid daar in mense se harte skuil, tot watter gruwelike daad die sondige mens in staat is, dit besef ons nie altyd nie. Ook nie dat hierdie boosheid maar ook in ons elkeen se eie harte skuil nie. Want het ons nie ook al Jesus se liefde soos Petrus en die ander verloën nie? Hom met ons optrede, of ons gebrek aan optrede, verloën, die rug toegekeer nie? Sy liefdesaanbod van die hand gewys nie? Is ons nie ook maar in staat om verraad teenoor God en mekaar te pleeg nie? Hoeveel van Judas skuil daar nie ook maar onder die oppervlak van ons eie bestaan nie? 'n Skrikwekkende gedagte, ook ek is tot verraad in staat!

V

Maar hierdie verhaal gaan nie net oor menslike boosheid nie. Daar is ook 'n ander, teenoorgestelde, verhewe lyn in dié verhaal. Dit is die lyn van Jesus Christus se liefde in die verhaal. Jesus wat ons bly liefhet, wat deurdruk met sy groot offerdaad aan die kruis. Jesus wat sy liefdesoffer aanbied, juis vir mense wat sy liefde nie waardig is nie, verraaiers en verloënaars, bese harte wat sy liefde so dikwels van die hand wys, verwerp. Jesus het vooraf geweet, alles geweet, en tog voortgegaan met sy lydensweg en kruisdood, juis vir ons wat dit nie verdien nie. Dis die verhewe lyn in hierdie verhaal: Jesus wat ons verraad en verloëning met sy liefde en trou beantwoord, met sy selfprysgawe, sy voetewas, sy uitdeel van die gebreekte brood, sy offerdaad aan die kruis.

VI

Vir my is hierdie verhaal totaal onbegryplik, dit gaan my verstand te bowe. Om te dink dat God se liefde so groot is, dat Hy selfs ons verraad kan omkeer en laat inpas in God se groot verlossingsplan! Wat Judas gedoen het, moes gebeur. Jesus moedig hom uiteindelik selfs aan: “Wat jy wil doen, moet jy gou doen” (vers 27). Want selfs ook Judas se verraad sou inpas in God se groot verlossingsplan, die uur waarin God se heerlikheid openbaar sou word, dit wat Jesus deur sy dood en opstanding vir ons sou verwerf, ook vir Judas en vir Petrus. Ek verstaan dit nie! Maar, so groot is God se genade dat Hy selfs ons boosheid kan omdraai en in sy verhaal van liefde kan laat inpas.

Tussen die onbegryplike deur hoor ons tog in hierdie verhaal die goeie nuus weerklink. Daar is genade en hoop, selfs ook vir my, vir ons almal, vir Judas en Petrus en watter loënaar ook al. Jesus het die boosheid kom oorwin. **Met sy liefde het Hy dit kom oorwin! Christus Jesus se liefde is sterker as ons verwerping van sy liefde. Dis wat genade ten diepste beteken.**

Dis waaroor ons probeer nadink in die lydenstyd. En dis waaroor ons uiteindelik sing, in aanbidding.